

8 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 13:1-16
Fokusgedeelte: Eksodus 13:9

Die merke getuig van God se werk

Israel roep tot God vir verlossing, want hulle kon hulleself nie verlos nie. God stuur vir Moses en Aäron as sy diensknegte om sy volk te gaan verlos. God doen dit op 'n wonderbaarlike manier, met tien plae. Hierdie was nie 'n onnodige magsvertoon nie, want deur die plae het Israel hulle God leer ken as almagtig en getrou.

Deur God se mag verlos Hy Israel uit Egipte en hierdie daad moet elke jaar deel bly van hulle lewens in die vorm van die Paasfees. In vers 9 lees ons wat op hierdie dag gedenk moet word: "... die feit dat God Hom aan hulle geopenbaar het deur hulle te verlos uit Egipte met sy mag en krag." Die volk moet jaarliks dankbaar wees vir hierdie verlossing deur dit te gedenk. Hierdie openbaring van God aan Israel, daar in Egipte, moes vir hulle die versekering gegee het dat hulle saam met God enigiets kan doen. Tog weet ons uit die geskiedenis dat die volk dit nie altyd geglo het nie.

Hierdie verlossing van Israel was die voorloop vir die verlossing van die hele menslike geslag deur die sterwe en opstanding van Christus. In Christus vertoon God die Vader sy almag en genade vir almal, en die merke van die kruis getuig van God se werk, sodat dié wat onder leiding van die Heilige Gees glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Om hierdie rede hou ons ook elke drie maande 'n feesmaal, waar ons kom aansit aan die feestafel van die Here. Daar gedenk ons God se genade en liefde vir ons in Christus, waar sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet is tot volkome versoening van al ons sondes. Die merke aan die liggaam van Christus getuig van God se genadewerk, want daardeur is ons verlos.

Mag ons onder leiding van die Heilige Gees opstaan van die tafel van die Here waar ons lewens daagliks, uit dankbaarheid, getuig van God se werke.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (SB 10)

Ds. AN du Plessis (Postmasburg)